GRONDWET VAN DIE STILBAAI-SAKEKAMER

INHOUDSOPGAWE

1. NAAM EN BESIGHEIDSGEBIED

2. WOORDOMSKRYWINGS

3. DOELSTELLINGS

4. LIDMAATSKAP

5. BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP

6. LEDEGELDE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEDE

7. SKORSING VAN LEDE

8. VERGADERINGS

9. BESTUUR

10. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE BESTUUR

11. INSPEKSIE VAN BOEKE

12 OUDIT VAN FINANSIËLE STATE

13 WYSIGING VAN GRONDWET

14. ONTBINDING

GRONDWET VAN DIE STILBAAI SAKEKAMER

1. NAAM EN BESIGHEIDSGEBIED

1.1. Die naam van die sakekamer is die Stilbaai Sakekamer.

1.2 Die gebied waarin die Kamer sy besigheid bedryf, is Stilbaai, Jongensfontein, Melkhoutfontein en die omliggende landelike omgewing.

2. WOORDOMSKRYWINGS

2.1 Die "Kamer" verwys na die Stilbaai-Sakekamer.

2.2 "Bestuur" is die Bestuur soos in Klousule 9 omskryf.

2.3 Die finansiële jaar strek van 1 Maart tot 28 Februarie.

2.4 "Finansiële state" verwys bloot na die inkomstestaat

2.5 "Algemene Jaarvergadering" verwys na 'n vergadering waar alle lede teenwoordig mag wees en stem.

2.6 "Lid" verwys na 'n lid soos gedefinieer in Klousule 4.

2.7 "Doelstellings" verwys na die doelstellings wat in Klousule 3 omskryf is.

3. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Kamer is:

3.1 Om die sakelui, ongeag kleur, ras, taal of geslag in die Stilbaai-gebied (soos in 1.2 hierbo omskryf) byeen te bring en saam te snoer in die gemeenskaplike opbou van die ekonomie van die gebied.

3.2 Om nouer skakeling te bewerkstellig tussen owerhede, werkgewers en werknemers deur middel van konsultasie, gesprekvoering en skriftelike voorleggings waar nodig.

3.3 Om relevante inligting wat die sakewêreld raak, te ontvang, te verwerk en onder sy lede te versprei deur middel van 'n nuusbrief of enige ander werkswyse.

3.4 Om die sakelewe te bevorder deur praktiese diens aan sy lede te lewer deur hulle in hul sake-ondernemings by te staan en behulpsaam te wees met bedryfsleiding en voorligting.

3.5 Om die lede te beskerm teen enige onbillike maatreëls wat hulle mag benadeel;

3.6 Om grondige ondersoek in te stel na enige saak wat die sakelewe raak .

3.7 Om enige ekonomiese beleid wat die handel in besonder of die ekonomiese lewe in die algemeen raak en wat tot voordeel van die sakewereld strek, te bevorder.

3.8 Om sy lede in sake wat die oprigting en uitbreiding van sake-ondernemings raak, behulpsaam te wees en hulle met hulp, leiding en voorligting te bedien, met die voorbehoud dat die Kamer as sodanig nie self mag deelneem aan die handel en nywerheid van die land nie.

3.9 Om by die verbruiker deur middel van voorligting, gesamentlike reklameveldtogte en op enige ander wyse groter belangstelling in die handel te wek; die verbruiker te beweeg om 'n meer simpatieke houding daarteenoor te neem; en nie onbillike eise aan die sakeman te stel nie.

3.10 Om gesonde beginsels van kredietbeleid onder sy lede te propageer, en wat kredietverlening betref, so ver as moontlik onderlinge samewerking van sy lede te bewerkstellig.

3.11 Om met ander liggame en verenigings wat geheel of gedeeltelik dieselfde doelstellings nastreef, saam te werk.

3.12 Om in samewerking van sy lede hom te beywer vir die opleiding en voorligting van sakelui in die handel en nywerheid.

3.13 Om gesonde en harmonieuse samewerking te verkry tussen werkgewers in die sakelewe en gesonder arbeidstoestande te bewerkstellig.

3.14 Om die vrye markstelsel te onderhou en te bevorder.

3.15 Om alle huidige asook voorgestelde wetgewing wat besigheid in die geheel beïnvloed, te ondersoek en dienooreenkomstig op te tree.

3.16 Om voorleggings aan enige vlak van regering te maak aangaande besigheid.

3.17 Om invoere en uitvoere te bevorder.

3.18 Om te help met die oplossing van enige besigheidsdispute.

3.19 Om statistieke in te samel wat tot voordeel van lede kan wees.

3.20 Om etiese en moreel aanvaarbare besigheid onder lede te bevorder.

3.21 Om in die algemeen lede se belange te beskerm teen onbillike handelspraktyke of wetgewing.

3.22 Om funksies te reël en fondse te genereer ter bevordering van die doelstellings van die kamer, hetsy deur ledegeld of enige ander wetlike manier.

3.23 Om op gepaste wyse erkenning te verleen aan enige persoon wat ‘n wesenlike bydrae gelewer het, hetsy op sake-, kulturele of ‘n ander gebied, in die bedieningsgebied van die Kamer.

3.24 Om enige sekretariële dienste van tyd tot tyd teen vergoeding te lewer vir ‘n instansie, kamer of organisasie soos deur die Bestuur goedgekeur.

4. LIDMAATSKAP

Lede kan uit die volgende klasse bestaan, naamlik:

4.1 Gewone lede
4.2 Korporatiewe lede
4.3 Gekoöpteerde lede
4.4 Ere-lede
4.5 Enige ander kategorie wat deur die Algemene Jaarvergadering bepaal is.

4.1 Gewone lede

Enige persoon of instansie wat regstreeks of onregstreeks wettig in die sakewêreld betrokke is en aktief daarin belangstel, kan om lidmaatskap van die Kamer aansoek doen.

4.2 Korporatiewe lede

Enige maatskappy, beslote korporasie, firma of onderneming kan aansoek doen om as korporatiewe lid van die Kamer toegelaat te word. Sodanige aansoek moet vergesel wees van die name van al die persone wat as verteenwoordigers van die betrokke korporatiewe lid sal ageer.

4.3 Gekoöpteerde lede

Die Bestuur van die Kamer sal by magte wees om enige persoon op die bestuur te koöpteer vir ‘n bepaalde funksie en tyd. Na voltooiing van die funksie of verstryking van die tydperk, sal sodanige lid se lidmaatskap verval, tensy die persone reeds ‘n lid van die Kamer is.

4.4 Ere-lede

Die Bestuur is by magte om ere-lidmaatskap toe te ken aan enige persoon wat na oordeel van die bestuur uitsonderlike diens aan die Kamer gelewer het. Ere-lede geniet dieselfde voorregte as lede en word van ledegelde kwytgeskeld. ‘n Ere-lid kan genooi word om bestuursvergaderings by te woon, maar het geen stemreg nie.

4.5 Enige ander kategorie wat deur die Algemene Jaarvergadering bepaal is

4.5.1 Vriende van die Sakekamer soos sportklubs; skole; kultuurverenigings;belangegroepe
Die Bestuur is by magte om spesiale lidmaatskap toe te ken aan enige instansie wat deur die Algemene Jaarvergadering bepaal is en wat na oordeel van die bestuur die Kamer goedgesind is. Sodanige “vriende” geniet dieselfde voorregte as lede; word van ledegelde kwytgeskeld; en kan genooi word om bestuursvergaderings by te woon, maar het geen stemreg nie.

4.6 Algemeen

4.6.1 Alle voornemende lede kan aansoek doen.

4.6.2 Die Bestuur, wie se beslissing finaal is, sal alle aansoeke oorweeg. Indien ‘n aansoek afgekeur word, is die Bestuur nie verplig om ‘n rede te verskaf nie.

4.6.3 Alle lede sal gebind wees aan die voorwaardes soos in die grondwet bepaal.

5. BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap kan op enige van die volgende maniere beëindig word:

5.1 Deur ‘n skriftelike bedanking by die Kamer in te dien.

5.2 Indien ‘n lid versuim om ledegeld of enige ander uitstaande gelde binne drie (3) maande van die betrokke betaaldatum, te vereffen.

5.3 Deur ‘n meerderheidsbesluit wat deur die Bestuur geneem is na aanleiding van die gedrag van ’n lid wat na die oordeel van die Bestuur strydig is met die belange van die Kamer. Geen redes vir sodanige besluit hoef verstrek te word nie.

5.4 As ‘n lid van die Kamer insolvent raak, verval sy/haar lidmaatskap outomaties.

6. LEDEGELDE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEDE

6.1 Ledegelde, asook ander bedrae betaalbaar aan die Kamer, sal deur die Bestuur vasgestel word.

6.2 Sodanige bedrae sal, indien nie anders besluit word nie, vooruitbetaalbaar wees binne drie (3) maande vanaf 1 Maart en sal nie terugbetaalbaar wees indien lidmaatskap beëindig word nie.

6.3 Lede is slegs verantwoordelik vir uitstaande ledegelde wat deur hom/haar aan die Kamer verskuldig is.

6.4 Uitstaande ledegelde kan, indien die Bestuur dit nodig ag, aan ‘n wettige skuldinvorderaar oorhandig word. Enige kostes en rentes hieraan verbonde, sal deur die lid betaalbaar wees.

7. SKORSING VAN LEDE

Die Bestuur sal in die volgende gevalle die bevoegdheid besit om ‘n lid van die Kamer te skors:

7.1 As ‘n lid se lidmaatskapgelde, ten spyte van behoorlike kennisgewing, vir langer as een (1) jaar agterstallig is.

7.2 As ‘n lid volgens die diskresie van die Bestuur teenstrydig handel met die doelstellings en statute van die Kamer.

7.3 As die gedrag van ‘n lid, volgens die diskresie van die Bestuur, sodanig is dat dit hom/haar ongeskik maak om as ‘n lid van die Kamer aan te bly.

8. VERGADERINGS

8.1 Algemene Jaarvergadering

8.1.1 Die Algemene Jaarvergadering sal binne drie (3) maande na die einde van die Kamer se finansiële jaar op ‘n tyd en plek deur die voorsitter, of indien nie beskikbaar nie, deur die onder-voorsitter bepaal, gehou word. Indien albei in gebreke bly om dit te doen, kan die meerderheid oorblywende bestuurslede dit bepaal.

8.1.2 Op hierdie vergadering doen die bestuur deur middel van ’n jaarverslag, verslag van die werksaamhede van die afgelope jaar en lê die finansiële state vir die afgelope jaar vir goedkeuring voor.

8.1.2 Die nuwe bestuur vir die volgende jaar word ook op hierdie vergadering verkies.

8.1.3 Ander voorstelle en besprekingspunte wat reg voorgestel en gesekondeer is en na die mening van die Bestuur relevant is, word ook aan die orde gestel.

8.1.4 Skriftelike kennisgewing van die sakelys, plek, tyd en datum van sodanige vergadering sal ten minste veertien (14) dae skriftelik of elektronies voor die tyd aan al die lede gestuur word.

8.1.5 Twintig (20) persent van opbetaalde lede vorm ‘n kworum vir ’n algemene jaarvergadering.

8.1.6 Lede wat ledegeld betaal, verkry een (1) stem.

8.2 Spesiale Algemene Vergadering

8.2.1 ‘n Spesiale Algemene Vergadering kan enige tyd belê word deur die Voorsitter, of in sy afwesigheid deur die onder-voorsitter, of deur die Bestuur, of deur ‘n geskrewe versoek van nie minder nie as tien (10) gewone lede met vermelding van die sake wat op so ‘n vergadering bespreek wil word.

8.2.2 Skriftelike kennisgewing van so ‘n vergadering met vermelding van plek en datum sal ten minste veertien (14) dae voor die tyd skriftelik of elektronies aan alle lede gestuur word.

8.2.3 Twintig (20) opbetaalde lede vorm ‘n kworum vir ’n spesiale algemene vergadering.

8.2.4 Lede wat ledegeld betaal, verkry een (1) stem.

8.3 Bestuursvergaderings

8.3.1 Die Bestuur sal ten minste ses (6) keer per jaar op ‘n tyd en plek deur die Voorsitter, of in sy afwesigheid, die onder-voorsitter, bepaal, vergader.

8.4 Staande en sub-komitees:

8.4.1 ‘n Algemene Jaarvergadering of bestuursvergadering kan enige tyd so ‘n komitee aanstel soos wat die behoefte hom voordoen vir so ‘n komitee.

8.5 Voorsitter van vergaderings

8.5.1 Die Voorsitter van die Kamer sal as voorsitter optree by enige algemene vergadering of bestuursvergadering, of in sy afwesigheid, die onder-voorsitter, of indien beide afwesig is, dan ‘n lid wat deur die aanwesiges tot voorsitter van die vergadering gekies word.

8.6 Vergaderingprosedures

8.6.1 Indien anders gespesifiseer of deur die betrokke vergadering besluit, sal normale vergaderingsprosedures vir alle vergaderings, insluitende Algemene Jaarvergaderings asook bestuursvergaderings, geld.

8.6.2 Alle voorstelle sal voorgestel en gesekondeer word.

8.6.3 Stemming, indien nie anders besluit word deur vergadering nie, geskied deur die opsteek van hande. ‘n Gewone meerderheidstem sal geld. Lede se stemreg word soos in 8.1.6 uiteengesit.

8.6.4 Indien die stemme gelyk verdeel is, sal die voorstel nie aanvaar word nie, behalwe in bestuursvergaderings waar die voorsitter ‘n beslissende stem het.

8.7 Notules

8.7.1 Behoorlike notule sal van alle vergaderings gehou word.

8.8 Kworums

8.8.1 Algemene Jaarvergadering of Spesiale Vergadering: Twintig (20) persent van betaalde stemgeregtigde lede of verteenwoordigers met geskrewe volmagte.

8.8.2 Bestuursvergadering: Ten minste een-derde van die bestuurslede.

8.8.3 Komiteevergaderings: Ten minste drie (3) komiteelede of 50% van komiteelede; watter een van bogenoemde die minste is.

8.8.4 Algemeen: Indien ‘n kworum nie binne vyftien (15) minute na die vergadering se aanvangstyd teenwoordig is/bestaan nie, sal die vergadering outomaties tot die volgende week op dieselfde dag, tyd en plek verdaag. (Indien daar ‘n vakansiedag is, tot die volgende besigheidsdag). Die lede teenwoordig by die verdaagde vergadering sal die nuwe kworum vorm.

9. BESTUUR

9.1 Die Bestuur sal uit ‘n minimum van agt (8) en ‘n maksimum van twaalf (12) lede bestaan en sal die volgende ampte insluit:

9.1.1 ‘n Voorsitter wat, indien nie anders ooreengekom nie, sal ook voorsitter wees by enige Algemene Jaarvergadering of Bestuursvergadering.

9.1.2 ‘n Onder-voorsitter wat, indien die voorsitter afwesig is, ook as voorsitter van enige Algemene Jaarvergadering of Bestuursvergadering, sal optree.

9.1.3 Tesourier

9.1.4 Sekretaris/sekretaresse

9.1.5 Vier (4) of meer addisionele lede

9.2 Die lede van die Bestuur word deur stemming by die Algemene Jaarvergadering verkies.

9.2.1 Die verkose lede van die Bestuur, soos ooreenkomstig Klousules 8.1.2 en 9.1 verkies, sal na afloop van die Algemene Jaarvergadering, die voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris/sekretaresse en tesourier aanwys,

9.2.2 Om kontinuïteit te verseker, moet drie of meer van die bestuurslede, wat die vorige jaar op die Bestuur gedien het, weer tot die bestuur herkies word.

9.3 Die Bestuur sal by magte wees om een of meer gekoöpteerde of ere-lede te nooi om op die bestuur te dien vir ‘n spesifieke doel of tydperk, maar sodanige lede sal geen stemreg hê nie.

9.4 Alle bestuurslede se termyn verstryk jaarliks op datum van die Algemene Jaarvergadering, maar is herkiesbaar, met dien verstande dat die voorsitter en onder-voorsitter nie langer as twee (2) agtereenvolgende jare dieselfde pos sal beklee nie, tensy die Algemene Jaarvergadering dit goedkeur.

9.5 Een-derde van die lede van die Bestuur vorm ‘n kworum. Indien ‘n lid van die Bestuur op drie of meer agtereenvolgende bestuursvergaderings sonder verlof afwesig was, sal so ‘n lid se ampstermyn outomaties beëindig word.

9.6 Die Bestuur besluit hoe dikwels hulle vergader, hetsy by wyse van ‘n volle bestuursvergadering of hetsy by wyse van ‘n vergadering van een of meer sub-komitees deur die Bestuur saamgestel en onderhewig aan sodanige voorwaardes soos deur die Bestuur bepaal.

9.7 Die voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris/sekretaresse, tesourier, sal die Dagbestuur van die Kamer vorm wat sal toesien tot die hantering van die sake van die dag wanneer die volle bestuur nie byeen is nie.

9.8 Indien ‘n lid van die Bestuur sonder verskoning vir drie agtereenvolgende vergaderings van die Bestuursvergaderings afwesig is, hou so ‘n lid outomaties op om lid te wees van die Bestuur, maar is daarna herkiesbaar.

10. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE BESTUUR

Die magte en pligte van die Bestuur is:

10.1 Om die beleid, doelstellings, besluite, ens van die Kamer te implementeer.

10.2 Om enige ander besprekingspunte te bepaal vir die Algemene Jaarvergadering of enige ander vergaderings.

10.3 Die finansiële state op te stel vir goedkeuring van lede by die Algemene Jaarvergadering.

10.4 Die opening en bestuur van ‘n rekening by ‘n geregistreerde finansiële instelling.

10.5 Die investering, die gebruik vir sekuriteit, die vervreemding, die uitruiling, verhuring of verkoop van die Kamer se bates, insluitende enige vaste of roerende bates, enige kontant of enige ander bate wat nie hierbo vermeld is nie.

10.6 Die aanstel of afdanking van personeel asook die opstel van diensvoorwaardes van personeel of diens wat gelewer word.

10.7 Om die besigheid van die Kamer te bedryf.

10.8 Om skuld in die Kamer se naam aan te gaan en te vereffen en om ‘n regsgeding te begin.

10.9 Op enige ander wyse optree wat ooreenstem met die doelstellings van die Kamer en in belang van sy lede is.

10.10 Die aanstel van bevoegde persone om die finansiële state te oudit en die bepaling van hul fooie.

10.11 Om sekere take asook magte soos hierby vervat, te delegeer.

11. INSPEKSIE VAN BOEKE

11.1 Enige opbetaalde lid sal gedurende normale besigheidsure vrye toegang hê tot die notuleboeke van die Algemene, Spesiale en Bestuursvergaderings van die Kamer, tesame met ander notules, rekenings en dokumente, maar sal nie die bevoegdheid hê om sodanige dokumentasie sonder toestemming van die Voorsitter uit die kantoor van die Kamer te verwyder nie.

12. OUDIT VAN FINANSIËLE STATE

12.1 Die finansiële state van die Kamer sal jaarliks deur ‘n bevoegde persoon wat deur die Kamer op ‘n Algemene Jaarvergadering benoem is, geouditeer word en die verslag van die bevoegde persoon sal aan die Algemene Jaarvergadering van die Kamer voorgelê word.

12.2 Indien ‘n bevoegde persoon aldus benoem nie in staat is om sy pligte uit te voer nie, het die Bestuur die bevoegdheid om die vakature aan te vul.

13. WYSIGING VAN GRONDWET

13.1 Enige wysiging van die grondwet kan slegs aangebring word deur ‘n twee-derde meerderheidstem van stemgeregtigde lede teenwoordig op ‘n algemene jaarvergadering of spesiale vergadering.

13.2 Die voorgestelde kennisgewingtyd van veertien (14) dae moet gehandhaaf word.

14. ONTBINDING

14.1 Die Kamer, onderhewig aan voorwaardes wat vir ‘n Algemene Jaarvergadering geld, sal ontbind indien so ‘n voorstel deur ten minste twee-derdes van stemgeregtigde lede op die vergadering aanvaar word.

14.2 ‘n Geskrewe kennisgewing van so ‘n vergadering moet veertien (14) dae voor die vergadering skriftelik of elektronies gesirkuleer word. In hierdie skrywe moet die doel van die vergadering uitgespel word asook die redes vir so ‘n voorgestelde ontbinding.

14.3 By ontbinding sal die bates van die Kamer oorhandig word aan ‘n ontvanger soos deur die vergadering bepaal.

Goedgekeur tydens die Algemene Jaarvergadering gehou op 4 Maart 2014

VOORSITTER